# Huis Andrew Murray
# Kinder- en Jeugsorgsentrum

**Algemene Jaarverslag**

**April 2020 – Maart 2021**

**Die organisasie verrig sy taak in die gees en gesindheid van Jesus Christus, die Groot Barmhartige en sy beleid is gegrond op die Woord van God.**

Inhoudsopgawe


Voorwoord 1

HAM Voice (Gedig) 2

Visie 3

Missie 3

Lede van Beheerraad 3

Vakkundige Dienste 4

- Dienslewering 4
- Programme 4-6
- Statistiek 7-9
- Waardes en Vorming 9

Marketing and Funding 10

Finansiële Verslae 11-12

Personeel 13

Debietorder 14

MySchool/ MyVillage/ MyPlanet 15


## VOORWOORD: Danie Theart (Voorsitter van die Beheerraad)

Dr. Pierre Engelbrecht haal uit Ps. 147 aan "Hy(die Here) het die sluitbalke van jou poorte sterk gemaak, jou inwoners geseën" en sê dat as die ystersmit nie die sluitbalke volgens spesifikasie gemaak het nie, sou hulle nie sterk wees nie. Met ander woorde; God werk deur mense tot die voordeel (beskerming) van sy kinders. Ons ervaar dit daagliks by HAM en HvH, dat God die mense (almal) seën deur die toewyding en gehoorsaamheid van mense en aan hulle, is ons hier aan die uitloop van die jaar oneindige dank verskuldig.

Die uitdagings van omstandighede in 2020/2021 was byna oorweldigend; maar te midde daarvan kan ons met dankbaarheid terug kyk en sê: "die Here was vir ons goed". Ons personeel moes buitengewone lang ure werk gedurende die periodes van inperking en ons waardeer die uitsondelike toewyding. Baie baie dankie vir elkeen wat 'n bydrae gelewer het, u bydrae het dit moontlik gemaak dat 'n kind op die fondament wat u gelê het, verder kan bou.

Die fasiliteite en dienste wat gelewer word, sou nie moontlik wees onder beskikbare statutêre finansiering nie; daarom is ons dankbaar vir getroue donateurs wat uit eie bronne mildelik bydra. Ons kon fasiliteite op verskillende wyses opgradeer tot aantreklike en funksionele eenhede. Die welwillendheid en vrygewigheid van ons gewaardeerde donateurs verras ons keer op keer.

Dit is steeds n voorreg om by die programme van Badisa (HAM en HvH) betrokke te wees, hier waar daar vir kinders die geleentheid geskep word om te ontwikkel en 'n toekoms te bou. Die Beheerraad is deeglik bewus daarvan dat finansiering van die bestaande dienste net moeiliker sal raak, maar gaan met vaste geloof en volle vertroue in die voorsiening van ons Here, die nuwe jaar tegemoet.

Ons dank die Here vir sy seën op ons pogings en die voorreg om die kinders aan die Groot Kindervriend voor te stel. Mag hierdie fasiliteite vir jare nog n toonbeeld wees van die goedheid van die Here en die toewyding van diensknegte wat hul roeping uitleef.

## GEDIG:

# In SY hande...

Augustus 2021

"Let us look upon our children, let us love them and train them, as children of the covenant and children of the promise – these are the children of God."

So staan ek in my groen-en-wit in die voorportaal van 'n massiewe huis.

Dr. Andrew Murray se woorde, in 'n oogwink geraam en gehang in my hart.

Hierdie huis raas van liefde, ek hoor die lawaai van omgee en die gekraak van hoop. Ek sien voete wat beweeg, almal in verskillende rigtings , heen en weer in die gange, op en af oor die trappe. Tog beweeg almal teen 'n eenderse tempo, op dieselfde ritme, na een eindbestemming.

Hierdie is die klank van God se roeping, hierdie is die ritme van Sy hart en die tempo van Sy wil.

Elkeen wat hier skarrel, skarrel vir 'n groter doel.

"Ko-sit Tannie, ko-sit hieso." Die kleine handjies dui na 'n oop plekkie langs hom op die mat.

Ek aanvaar die uitnodiging met 'n geswelde hart en neem my plek langs hom in.

"Kyk-hie Tannie, kyk hieso!" Sê hy gereeld met die wêreld se fassinering in sy ogies.

My hande vou voor my oop in my geestesoog.

Wat het ek wat ek vir hom kan gee...wonder my gedagtes.

Alles wat jy het is tog nie joune nie... fluister my gees.

Hy vou sy handjies stadig binne myne oop.

Die kontras breek my hart...

In hierdie kleine handjies, sien ek genade onbeskryflik groot.

Kindjie van God, jy lê veilig in Sy hande.

Hierdie mense is geskape en geroep om jou te herriner na wat in joú hande lê.



~Carla da Silva (Arbeidsterapie Student)

## VISIE:

Ons vorm en bou aan 'n toekoms vir jou.

## MISSIE:

Huis Andrew Murray is 'n NG Kerk/ VG Kerk inrigting wat vanuit 'n Christelike lewensbeskouing die volledige en gesonde ontwikkeling van 155 wetsbestede kinders bevorder op religieuse, opvoedkundige, fisiese, sosiale en psigiese terrein d.m.v. die benutting van multi-dissiplinêre dienste. Dit word gedoen sodat individuele kinders in staat gestel kan word om hulle plek as gebalanseerde volwassene en verantwoordelike landsburger vol te staan. Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing vorm die grondslag van al ons werksaamhede.

## LEDE VAN DIE BEHEERRAAD:

| NAAM | PORTEFEULJE | EPOS |
|---|---|---|
| DJC Theart | Voorsitter | danie@djctheart.com |
| J Hendricks | Ondervoorsitter | vgkwellingbergrivier@telkomsa.net |
| R Viljoen | Finansies | roelof.viljoen@quantumfoods.co.za |
| NH Marais | Batebestuurder | erik@rodewellington.co.za |
| W Naudé | Talentbestuur | naudew@hugenoteskool.co.za |
| MJ Scholtz | Talentbestuur | gielies@xsinet.co.za |
| J Holtzhausen | Fasiliteitsbestuurder | manager@andrewmurray.org.za |
| HS Spies | Bemarking & Fondswerwing | s.spies@mweb.co.za |
| A de Vries | Vakkundig | adamdevries3@gmail.com |
| L Prins | Vakkundig | prinsll@absamail.co.za |
| J Odendaal | Bemarking | odendaaljana@gmail.com |
| S Viljoen | Bate & Terrein | Stephan@pjbvervoer.co.za |
| N Bester | Finansies | nico@e_accounting.co.za |
| E Burden | Bemarking | elinedt@gmail.com |

# VAKKUNDIGE DIENSTE:

## DIENSLEWERING

Vakkundige dienste binne die Kinder- en Jeugsorgsentrum sluit die totale versorging van kinders op fisiese, psigiese, sosiale, kognitiewe en religieuse vlakke in. Huis Andrew Murray is geregistreer as 'n Kinder en Jeugsorgsentrum wat terapeutiese en residensiële versorgingsprogramme aanbied vir kinders buite hul gesinsopset. Dit sluit in die ontvangs, versorging en ontwikkeling van kinders wat deur die Kinderhof in die KJSS geplaas is, die tydelike veilige versorging van kinders om hulle teen verwaarlosing en misbruik te beskerm asook versorging met die doel om kinders te assesseer, terapie te verleen om hul ontwikkelingsbehoeftes aan te spreek en hulle te ondersteun met die herintegrasie in hulle biologies/alternatiewe gesinne of in gemeenskappe of langtermyn te versorg en te ondersteun tot op 18 jarige ouderdom wanneer hulle toetree tot die volwasse wêreld. Huis Andrew Murray doen ook aansoek vir langer aanhouding van leerders wat reeds die ouderdom van 18 jaar bereik het. Die droom is om elke kind wat in Huis Andrew Murray se sorg is toe te rus om as Emosioneel en Geestelik gesonde volwassenes die lewe "na Huis Andrew Murray" te betree. Verdienstelike studente word die geleentheid gebied om in 'n studierigting van hul keuse te gaan studeer.

Binne Huis Andrew Murray het die vakkundige span wat bestaan uit 'n Bestuurder Vakkundige Dienste, 3 Maatskaplike werkers, 'n Maatskaplike werk assistent, 18 Kinder en Jeugsorgwerkers, 'n Vroëe Kinderontwikkeling opvoeder en 'n deeltydse Verpleegkundige die afgelope jaar saamgewerk om 'n hoë standaard diens te lewer en 'n omgewing te skep waarbinne kinders veilig kan voel terwyl hul ontwikkelingsbehoeftes aangespreek word en optimale groei en ontwikkeling kan plaasvind. Die dienste van ander hulpprofessies soos sielkundiges, spraakterapeute, spelterapeute, forensiese maatskaplike werkers en arbeidsterapeute word ingekoop en lewer ook 'n belangrike bydrae tot ons kinders se groei en ontwikkeling.

**PROGRAMME**

Die kern komponente vir die implementering van programme is om kinders se ontwikkelings-, terapeutiese- en ontspanningsbehoeftes aan te spreek terwyl hulle in die sorg van die KJSS is. Die programme fokus dus op versorging, heelmaak en ontwikkeling van kinders.

Programme word deur die Departement Maatskaplike Ontwikkeling goedgekeur en met die ontwikkeling/beplanning en aanbieding daarvan word die volgende inag geneem:

- Die onderskeie behoeftes van kinders soos geïdentifiseer tydens assessering en in hul Individuele Ontwikkelingsplanne aangedui
- Die impak/resultate wat met die betrokke program bereik wil word
- Die nodige hulpbronne/ bevoegde personeel wat die program effektief kan aanbied
- Die teikengroep se ouderdom, geslag, kognitiewe vermoë, ontwikkelingsfase en behoeftes
- Individuele aanbieding of in groepverband
- Die inhoud van die program sessies en doelwitte wat bereik wil word met elke sessie.
- Hulpmiddels wat gebruik kan word
- Beskikbare fondse vir die aanbied van die program



Die programme sluit in

## 1. Ontwikkelingsprogramme:

- Vroëe Kinderontwikkeling
- Respek vir jouself, ander en die KJSS se eiendom
- Emosionele Intelligensie
- Inkomste generering
- Onafhanklike leefwyse – Doelgerigte lewe
- Skoolverlatersprogam
- Lewensvaardighede vir verskillende ouderdomme
- Voorbereiding vir hoërskool
- Leesprogram en gebruik van 'n biblioteek
- Regte en verantwoordelikhede van kinders
- Geestelike programme
- Slagofferbemagtiging
- Substans afhanklikheid en voorkoming

## 2. Terapeutiese programme

- Aggressie en Woedebeheer
- Gedragsmodifikasie
- Boeliegedrag
- Kognitiewe gedragsterapie
- Konflikhantering
- Ontwikkelings assessering
- Rou en verlies
- Individuele berading volgens behoeftes
- Spelterapie
- Arbeidsterapie
- Psigo-sosiale ondersteuning
- Leuens en diefstal
- Trauma berading

## 3. Sport en Ontspanningsprogramme


- Verskillende sport programme
- Bordspeletjies
- Koor/sang
- Dans en drama
- Ander ontspanningsaktiwiteite


## 4. Naweek en Vakansieprogramme


- Sportprogramme
- Kuns en kultuur
- Bak en Brou
- Herwinning
- Suikerkaskenades, skattejag en boeresport
- Uitreikprogramme


**STATISTIEK**


Totale aantal kinders in Kinder- en Jeugsorgsentrum soos op 31 Maart 2021



**Inskakeling by skole/tersiêre instellings soos op 31 Maart 2021**

| | SKOOL | GEMEENSKAP | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| **Op HAM Perseel** | | | |
| 1 | Sprokiesland Speelskool | Wellington | 6 |
| **Vroëe Kinderontwikkelingsentrums** | | | |
| 2 | Doemsie Kleuterskool | Wellington | 6 |
| 3 | Pikkieland | Wellington | 6 |
| **Laerskole** | | | |
| 4 | Blouvlei Akademie | Wellington | 5 |
| 5 | Van Wyksvlei Primêr | Wellington | 11 |
| 6 | Hillcrest Primêr | Wellington | 5 |
| 7 | Hugenote Laerskool | Wellington | 24 |
| 8 | Hugo Rust Laerskool | Wellington | 3 |
| 9 | Newton Primêr | Wellington | 14 |
| 10 | Wellington Primêr | Wellington | 16 |
| 11 | Nederburg Primêr | Paarl | 2 |
| 12 | Boland Skool vir Outisme | Paarl | 1 |
| 13 | Nouveau Privaatskool | Paarl | 2 |
| **Hoërskole** | | | |
| 15 | Bergrivier Sekondêr | Wellington | 23 |
| 16 | Hugenote Hoërskool | Wellington | 6 |
| **Skole vir kinders met spesiale onderrig behoeftes** | | | |
| 17 | Ligstraal Skool | Paarl | 3 |
| 18 | Riebeeck Vaardigheidskool | Riebeeck Wes | 1 |
| 19 | Wellington Vaardigheidskool | Wellington | 8 |
| **Tersiêre Inrigtings** | | | |
| 20 | CPUT | Distrik 6 Kampus | 1 |
| 21 | CPUT | Wellington Kampus | 1 |
| 22 | Wamakersvallei Opleidingsentrum | Wellington | 1 |
| 23 | Hugenote College | Wellington | 1 |
| 24 | Boland College | Paarl | 1 |

## WAARDES EN VORMING

Die aanleer en uitleef van Christelike Waardes bly deurlopend 'n prioriteit in Huis Andrew Murray KJSS. Al ons programme word aan die hand daarvan geimplementeer. Wanneer 'n kind opgeneem word in 'n KJSS kan daar met sekerheid aangeneem word dat die kind blootgestel is aan omstandighede wat 'n impak op sy/haar lewe gaan hê. Almal is spesiale kinders met spesiale en unieke kwaliteite en behoeftes wat aan die KJSS geleen word vir 'n bepaalde tydperk.

In 2020/2021 het Huis Andrew Murray KJSS, met behulp van donateurs, 'n "geestelike werker" aangestel wat spesifiek gefokus het om die leerders se Christelike waardes en karakter uit te bou en te vorm. Elke maand is aandag aan 'n ander karaktereienskap gegee en almal in die KJSS het saam gebou daaraan. Hoërskool leerders het ook die geleentheid gehad om Emosionele intelligensie, Spirituele intelligensie en "Career Direct" programme by te woon.

Huis Andrew Murray kan vergelyk word met 'n toneelstuk. Elke kind wat inkom moet deur 'n spesiale oudisie (assessering) gaan ten einde te bepaal watter rol hy of sy in die toneel gaan speel. KJSS persoeel is lewens afrigters wat hierdie kinders binne n bepaalde area help vorm en bou om die rol wat die lewe vir hulle uitkies so goed moontlik te vertolk. Elke kind is uniek en het unieke en spesiale aandag en afrigting nodig om 'n kunstenaar te word wat perfek is vir hulle rol. Hierdie afrigting duur voort tot 'n kind die KJSS verlaat. Soms word hulle aan ons geleen vir kort tydjies en ander bly langer. Wat belangrik is, is egter nie hoe lank 'n kind in hierdie toneelstuk speel nie, maar die kwaliteit van "afrigting" en die uiteindelike impak wat daar op elke kind se toekoms gemaak word. Nie almal vertolk hoofrolle nie, soms is jy net 'n ekstra op die verhoog, maar elkleen vertolk sy rol met passie en trots. Daarom is dit belangrik dat HAM se personeel passievol en met omgee en liefde Huis Andrew Murray se visie uitleef, nl.

**"ONS VORM EN BOU AAN 'N TOEKOMS VIR JOU"**



## MARKETING & FUNDING:

House Andrew Murray (HAM) Child & Youth Care Centre's Marketing & Funding strategy focus on 3 objectives:

- To build brand awareness and relationships
- To build long-term sustainable funding
- To drive growth in order to gain revenue

HAM maintained relationships with a wide range of stakeholders. Amongst these were churches, foundations, corporate entities, smaller companies, individuals and the community that supported our service in a multitude of ways. We also networked and reached out to other non-profit organisation (NPO's), surrounding schools, Old Age Homes and Disability Centres.




HAM developed the following funds:

- Therapeutic and Development
- Mentorship and Bursary
- Sports & Recreation
- Arts & Culture

In line with the growing trend to introduce energy-efficient elements, HAM has embarked on long-term sustainability projects to install a solar photovoltaic (PV) system and borehole in an attempt to reduce the organisation's electricity and water consumption to save overall operational costs. Good corporate governance of all our funds and donations are used for the benefit of our vulnerable and orphaned children in order to positively influence their lives.

In these difficult economic times, HAM is experiencing a decline in donations due to financial strain. HAM needs to raise approximately R3.6 million annually to provide for the children's needs (shortfall of R1944 per child per month - 155 children between the ages of 1 – 18).

We are very grateful for the support we receive from many donors who invest in HAM's children to give them a better life and future. We thank you for generously contributing to changing the lives of vulnerable and orphaned children.

## FINANSIËLE VERSLAG:

Voortgesette dienslewering het die afgelope jaar plaasgevind ten spyte van stygende bedryfskostes.

Ouditeure vir die afgelope finansiële jaar was:

TdP Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)
Posbus 3737, Tygervallei, 7536
Tel. No.: (021) 975 3737


| **OPSOMMENDE FINANSIËLE OORSIG** | | |
|---|---|---|
| | 2021 | 2020 |
| Totale Inkomste | 11 925 315 | 10 098 716 |
| Totale uitgawes | 10 088 199 | 9 760 871 |
| Bedryfsurplus/ (tekort) na reserwe fondse aansuiwerings | 230 084 | (77 130) |
| Maandelikse eenheidskoste per kind | 5 551 | 5 209 |
| Maandelikse subsidie per kind: Departement van Maatskaplike Ontwikkeling | 3 766 | 3 621 |

Kapitale besteding van R409 502 is ingesluit by die bedryfsurplus vir 2021 en kapitale besteding van R303 789 in die bedryfstekort vir 2020. Volgens die rekeningkundige beleid van Huis Andrew Murray word kapitale verbeteringe aan geboue direk in die surplus of tekort vir die jaar waarin dit aangegaan is erken.

Die surplus van R230 084 gerealiseer in die 2021 boekjaar was toegeskryfbaar aan ‘n groot erflating (wat 11.% van totale inkomste verteenwoordig) wat HAM ontvang het.

**VERSPREIDING VAN INKOMSTE BRONNE:**

| | **2021** | 2020 |
|---|---|---|
| **Gemeentebydraes** | 1% | 1% |
| **Individue** | **1%** | 3% |
| **Goedere in Natura** | **12%** | 12% |
| **Erflatings** | **11%** | -% |
| **Fondsinsameling** | **17%** | 23% |
| **Diverse Inkomstes** | **0.1%** | 2% |
| **Beleggingsinkomste** | **2%** | 2% |
| **Subsidie** | **56%** | 58% |




*** Salarisse +10.5% oorspandeer (R570 000.00) a.g.v. Covid19 Pandemie**

# PERSONEEL:

Die personeelsamestelling van Huis Andrew Murray was op 31 Maart 2021 soos volg:

| POSBESKRYWING | AANTAL |
|---|---|
| Bestuurder | 1 |
| Bestuurder : Vakkundige Dienste | 1 |
| Maatskaplike werkers | 3 |
| Administratiewe assistent – vakkundige | 1 |
| Arbeidsterapeut (kontrakbasis) | 1 |
| Professionele verpleegkundige | 1 |
| Kinder- en Jeugsorgwerkers | 18 |
| Roterende afloswerkers | 3 |
| Sekretaresse | 1 |
| Finansiële beampte | 1 |
| Boekhouer | 1 |
| Bemarkingsbestuurder | 1 |
| Bemarkingsassistent | 1 |
| Logistieke bestuurder | 1 |
| Terreinkoördineerder | 1 |
| Drywer | 2 |
| Terrein Assistent | 1 |
| Kok | 1 |
| Huishoudelike Assistente | 10 |

## DEBIETORDER:

**HUIS ANDREW MURRAY KJSS**
***Sedert 1898***
**Skep vir ons kinders 'n toekoms.**

**U adres** ............................................................
..............................................................................
..............................................................................

Bank: **ABSA**
Tak: **WELLINGTON**
Rek.No: **430 560 107**
Takkode: **334-510**

**E-pos** ...................................................................
**Tel: H** ............................ **Tel: W** ..........................
**ID No** ...................................................................
**Ontvang my geskenk van**
**R300 R200 R100 R** ......................... (enige ander bedrag)
**Maak asb. u tjek uit aan: Huis Andrew Murr**ay
**Huis Andrew Murray KJSS**
**Blouvleistraat, WELLINGTON**
**Tel: 021 873 3834 Faks: 021 873 5265**

*Indien u 'n direkte betaling maak, stuur asb. die inbetalingstrokie aan ons by finansies@andrewmurray.org.za.*

## * SKENKINGS AAN ONS IS BELASTINGAFTREKBAAR

| DEBIET ORDER MAGTIGING | KREDIETKAARTMAGTIGING |
|---|---|
| Bank: ..........................................................................<br>Tjekrekening ☐ Tjekrekening ☐<br>Spaarrekening ☐<br>Rekeningnommer<br>☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐<br><br>Bankkode ☐☐☐☐☐☐ Naam van Tak............<br>DEBIETORDER AFTREKMAGTIGING<br>Hiermee magtig ek Huis Andrew Murray KJSS om die bedrag van R.......................... elke maand uit my rekening te onttrek totdat ek dit skriftelik kanselleer.<br>Ek versoek my bank om my rekening met die bogenoemde bedrag te debiteer.<br>Naam:..........................................................................<br>Adres: ..........................................................................<br>Handtekening: ................................ Datum: ................ | Debiteer asseblief my Master/ Visa/ Diners Club kaart ten bedrae van R..........................<br><br>☐ Eenmalig ☐ Elke maand<br><br>Kaartnommer<br>☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐<br><br>Vervaldatum ☐☐☐☐☐☐☐☐<br>Laaste 3 syfers op agterkant van kaart ☐☐☐<br>Datum: ..............................<br><br>Handtekening: ............................................ |

## MySchool/MyVillage/MyPlanet

CHOOSE HAM TO BE YOUR CHARITY!

**MySchool MyVillage MyPlanet** is one of South Africa's biggest fundraising programmes and allows you to make a difference, just by shopping. Every time you use your card at any of our partner stores they'll give back a percentage of your purchase value, on your behalf, to the school or charity you choose at absolutely no cost to you!

Get your free card today. Every swipe counts!

Simply follow the link and fill in all the necessary information. Then put **"House Andrew Murray"** as your beneficiary. It's as easy as that!

Apply now - https://www.myschool.co.za/supporter/apply/